Oordenking
11 Februarie 2009

God se keuse is reg vir my

Het jy al gewens dat jy iemand anders was? Het jy al gewens om ’n bal soos ’n Protea of ‘n Springbok te kan hanteer, of ’n toespraak soos ’n professionele spreker te kan aanbied of miskien om die orrel en klavier so uitnemend soos René (ons orrelis / pianis) te bespeel? (Ek weet ek sal mal daaroor wees om dit te kan doen!) Voel jy soms of jy laaste in die ry gestaan het toe gawes en talente uitgedeel is? As dit die geval is, skep moed! God het goeie nuus vir jou.

Die kerk in Korintiërs was uit ’n groot verskeidenheid mense, tale en kulture saamgestel. Verder het elkeen van hulle ’n verskeidenheid verskillende Geestelike gawes ontvang. Die doel van hierdie gawes was om mekaar in die gemeente geestelik op te bou en om die gemeente tot haar volle potensiaal in Christus te laat groei. Maar in plaas daarvan om die onderskeie gawes te gebruik vir die doel waarvoor God dit vir hulle gegee het, het die lidmate in Korinte gestry oor wie se gawe die belangrikste was en watter gawe die grootste status aan lidmate gegee het. Daarom skryf Paulus vir hulle: *1 Korintiërs 12:18: God het die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg* ***soos Hy dit wou hê***. .

God het vir elkeen presies die gawe gegee wat Hy wou hê dat hulle moes ontvang, maar hulle het Hom gefaal deur die gawes van ander gelowiges te begeer en deur te probeer om iemand anders as hulleself in die werk van die Here te wees.

Dit gebeur vandag nog in die Kerk. Ons vergeet so maklik dat God elkeen van ons geroep het en toegerus het om Hom op ’n sekere wyse en in ’n spesifieke rol te dien en dat as ons die Here dien in die taak waarvoor Hy ons geroep het, daar niks belangriker vir ons is om te doen, as dit waarvoor ons geroep is nie. As ons probeer om iemand anders se rol te vervul dan faal ons twee keer – deur ons eie taak na te laat en ook nog in iemand anders se rol te misluk.

God het vir jou ’n spesifieke gawe gegee. Die enigste manier waarop jy ware vreugde in diens van die Here kan hê, is om God toe te laat om van jou te ontvang wat Hyself in jou belê en in jou geplaas het. Die Here se taak vir jou sal jou soos ’n handskoen pas. Dit is sy keuse vir jou in sy diens en God se keuses is altyd die beste. Geniet die taak en roeping wat God op jou lewe gelê het, vervul jou Goddelike opdrag en dien die Meester soos Hy jou geroep het en toegerus het. Dan sal jou diens vir die Here geseënd wees en eers dan sal jy vervul wees as jy leef en werk volgens sy wil.

Gebed: *Help my, Vader, om die gawes raak te sien wat U aan my gegee het ter wille van en tot beswil van ander en van u kerk. Help my om bly te wees oor dit wat U my gegee het om op aarde vir U te doen en dat u doel met my lewe bereik word. Maak my getrou daarin om U volgens u wil vir my lewe te dien.*